Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

NOVEMBER 2014

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Somer spel son en saffier

maar ook sterk wind en brandgevaar

Wanneer laas het jy 'n "oudit" van jou eiendom se brandveiligheid gedoen? Die somermaande in die Wes-Kaap is tradisioneel die brandseisoen, en met dié dat jou tuin en die fynbos so welig gedurende die wintermaande gedy het, is dit dalk tyd dat jy kyk of daardie einste lushof nie dalk jou eiendom, en dié van jou bure, bedreig nie.

Brandslim-tuiniers in hierdie geweste sorg dat hulle teen November alle dooie hout onder veral fynbos uitgeroei het en welige takke en struike teruggesnoei het sodat daar 'n skoon bufferstrook van minstens 5 m rondom strukture is. In groter eiendomme met heelwat natuurlike plantegroei, behoort hierdie strook nie minder nie as 10 m breed te wees.

'n Grasgroen grasperk wat vanaf die eiendom se grens tot teenaan die geboue strek, dien uiteraard dieselfde doel.

Veral op eiendomme wat in berggebiede geleë is en/of binne die biosfeer val, moet nuwe groei van indringerplante soos Port Jackson-, mirtel-, rooikrans- en bloekombome uitgeroei word, terwyl eienaars van leë erwe moet sorg dat plantegroei op hul eiendom nie 'n brandgevaar vir aangrensende huise inhou nie.

Voorts hoef ons jou seker ook nie daaraan te herinner dat waar daar 'n rokie is, is daar 'n vuurtjie nie - selfs al is dit net 'n braai. Maak dus asseblief seker dat alle braaivleisvure in veilige houers of braaiplekke gemaak word en behoorlik na afloop van die smaaklike ete geblus word. Onthou om nie warm kole in vullisdromme te gooi nie!

Kortom, doen die regte ding sodat jy en jou bure 'n veilige vakansie sonder 'n rampspoedige einde kan geniet.

Indien jy 'n noodgeval of brand wil rapporteer of raad soek oor hoe om jou eiendom teen brand te beveilig, kontak Overstrand se brandweer-, redding- en rampbestuurdienste by 028 313 8980.

BURGEMEESTER SKOMMEL HAAR UITVOERENDE KOMITEE

Volgende op die onlangse tragiese afsterwe van Raadslid Mzameni Mshenxiswa (Wyk 5) en die effe onverwagte bedanking van twee Raadslede - Pieter Scholtz (Wyk 2) en Ben Solomon (Wyk 7) - het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie aangekondig dat haar uitvoerende komitee vanaf 1 Oktober 2014 as volg daar sal uitsien:

Die portefeuljekomitee vir infrastruktuur en beplanning sal onder voorsitterskap van Rdl. R Smith staan, wie ook as Onder-Burgemeester verkies is. Rdl. M Opperman sal die portefeuljekomitee vir gemeenskapsdienste aanvoer, Rdl. P Appelgrein die portefeuljekomitees vir bestuurs- en beskermingsdienste en Rdl. D Coetzee die portefeuljekomitees vir finansies en plaaslike ekonomiese ontwikkeling.

Tussenverkiesings sal op Woensdag 26 November gehou word om nuwe raadslede vir die vakante Wyke 2, 5 en 7 te verkies.

OVERSTRAND SPORTFEES

- topspanne gereed vir beslissende stryd

Op Saterdag 1 November 2014 gaan Overstrand se voorste sokker-, rugby-, netbal- en krieketspanne wedywer, tot groot vermaak van hulle entoesiastiese ondersteuners.

Sedert die Overstrand-sportfees deur die Burgemeester ingestel is, het hierdie jaarlikse geleentheid daarin geslaag om sportgeesdriftiges van oral oor in die gees van goeie sportmanskap saam te snoer en 'n liefde vir sport by jonk en oud in te boesem.

Tesame met Munisipaliteit Overstrand gaan Overberg se Rolstoelvereniging weer eens 'n verskeidenheid bordspeletjies langs die kantlyn aanbied waar diegene wat met gestremdhede saamleef hulle vaardighede kan tentoonstel in speletjies wat wissel van veerpyltjies tot domino's, skaak, kerem en morabaraba.

Die fees skop om 06:00 by Mount Pleasant se sportgronde af en sal na verwagting rondom 17:00 ten einde loop. Daag vroeg op om 'n lekker sitplekkie te kry!

DRINK GERUS KRAANWATER: DIS VEILIG!

In die jongste Bloudruppel-oudit het vyf van Overstrand se agt waterskemas meer as 95% behaal en die oorblywende drie almal bo 91.5%. Dit beteken dat die munisipaliteit met sekerheid kan sê dat die water wat deur hom verskaf word aan die SANS 0241-kode se streng standaarde vir drinkwater voldoen. Hierdie kode wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde daargestel is, is grootliks op die standaarde van die Wêreldgesondheidsorganisasie gegrond.

In Overstrand se munisipale gebied word watermonsters maandeliks by 56 punte geneem om dertien verskillende bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters by elkeen te meet. Hieruit blyk dit dat die waterkwaliteit van hoogstaande gehalte is, met 100% van die bakteriologiese toetse wat gedurende die afgelope jaar aan die standaard voldoen het.

Die vyf waterskemas wat bo 95% in die jongste oudit behaal het, het Bloudruppelstatus ontvang. Hierdie status word deur die nasionale departement van water en sanitasie toegeken aan waterskemas wat aan sekere kriteria voldoen waaronder risikobestuur, waterbehandeling- prosesbestuur, drinkwatergehalte en die regulering en bestuur van waterinfrastruktuurbates.

VUURWERKE

Elke jaar is dit groot pret vir beide inwoners en besoekers om die Nuwe Jaar met asemrowende vuurwerkvertonings te verwelkom. So 'n skouspel kan vir groot vermaak sorg, mits diegene wat hierdie tradisie beoefen by die reëls en regulasies hou, veiligheid voor oë hou en bedagsaam is.

Ter wille van beide mens en dier, mag vuurwerke slegs tussen 23:00 en 01:00 op Oujaarsaand by die volgende voorgeskrewe plekke afgevuur word: Grotto-strand oos, naby die strandmeer se mond, Hawston se strand (NIE vanaf die kampeerterrein of die parkeerterrein of die hawe nie); die Uilenskraalmond-strand; die Stanfordbaaistrand (De Kelders) en Kleinmond se hoofstrand. Onthou asseblief dat alle vuurpyle en vuurwerke wat deur die lug trek, oor die oseaan afgeskiet moet word om die moontlikheid te verlaag dat hulle in fynbos- en/of berggebiede te lande kom.

Georganiseerde vuurwerkvertonings word beperk tot tradisionele plekke en sal slegs met die vergunning van die hoof brand- en rampbestuur toegelaat word.

Om vuurwerke vanaf enige ander plek (met inbegrip van jou agterplaas) of op enige ander tyd af te vuur, sal 'n stewige boete tot gevolg hê en kan dalk selfs beteken dat oortreders die eerste deel van 2015 agter tralies deurbring. Jy kan verseker wees dat wetstoepassingsagentskappe stappe teen enige persoon sal neem wat onverantwoordelik buite die voorgeskrewe wetgewing optree.

Neem ook kennis dat die gebruik van enige toestel wat vlamme uitstraal, in die besonder Sjinese lanterns en noodfakkels, volgens wet verbode is. Dus, mense, wees verstandig en moenie eers daaraan dink om hierdie items af te vuur nie aangesien jy geensins seker kan wees waar hulle dalk te lande kan kom nie, wat brande en 'n tragedie vir ander tot gevolg kan hê. Onthou ook dat jy vir die skade verantwoordelik gehou sal word.

Ten laaste, wees bedagsaam: As almal by die voorgeskrewe terreine en tye hou, kan kwadegevoelens tussen bure en die angs wat hierdie gebruik by diere veroorsaak tot 'n minimum beperk word.

Enige spesiale versoeke rakende vuurwerkvertonings en/of ander navrae moet gedurende kantoorure aan die hoofbrandweerbeampte gerig word by 028 313 8980.

DEEL "WELWILLENDHEID" MET BEHOEFTIGES

Verskeie inisiatiewe is in volle swang oral in Overstrand om vanjaar vir 'n bietjie vreugde in minderbevoorregtes se lewens te sorg. Baie van ons sal graag wil bydra maar is nie seker wie om te nader of waar om ons geskenkies af te laai nie. Hier is 'n paar verdienstelike opsies om te oorweeg:

- **Santa Skoenboks-projek** - hierdie inspirerende gemeenskapsinisiatief van die Kidz2Kidz-trust behels die verspreiding van verpersoonlikte geskenke oor Kerstyd aan minderbevoorregte kinders oral in die land. Vul jou boks met 'n paar noodsaaklikhede, soos tandepasta en tandeborsel, waslappie en seep, sowel as 'n paar lekkers, skoolbenodigdhede, 'n speelding en 'n stel klere. Vir meer inligting, skakel Wendie Cleary by 028 316 2257, maar maak gou want die skoenbokse moet teen nie later nie as 18:00, Saterdag 1 November in Hermanus of Gansbaai afgelaai word.
- **Sakke vol Liefde** - te danke aan hierdie veldtog kan die armstes onder die armes in Overstrand 'n sak vol basiese noodsaaklikhede en, heel dikwels, 'n paar Kerslekkernye hierdie Kersfees geniet. As deel van die inisiatief word sakke (voorsien) met basiese kruideniersware volgens 'n standaard-inkopielys gevul en kort voor Kersfees onder behoeftige gesinne uitgedeel. **Die kruideniersitems kan by sekere kettingwinkels in Hermanus teen 'n koste van ongeveer R130 gekoop word. Skakel Des Collins by 082 824 1058 of 028 316 4434 vir meer inligting.**

KARWYDERSKRAAL AANSTAANDE JAAR WEER IN BEDRYF

Toe die Karwyderskraal-stortingsterrein noodgedwonge tydelik in Desember 2011 weens 'n gebrek aan ruimte gesluit moes word, moes daar inderhaas planne beraam word om Kleinmond en Hermanus se vaste afval elders te akkommodeer. Gelukkig het Overstrand op daardie stadium reeds oor 'n stortingsterrein met 'n wettige permit op Gansbaai beskik en kon dié afval daarheen herlei word.

Hierdie reëling het egter met 'n geweldige styging in koste gepaardgegaan aangesien die vervoerafstande drasties verhoog het en omdat addisionele selle by die Gansbaai-opvullingsterrein gebou moes word om die ekstra volumes te akkommodeer. Boonop moes motoriste verlief neem met die verhoogde lading swaarvoertuigverkeer op die smal pad tussen Hermanus en Gansbaai wat dikwels erge verkeersopeenhopings, en frustrasie, veroorsaak het.

Die goeie nuus is dat Munisipaliteit Overstrand en die Overberg-distriksmunisipaliteit 'n onderhandelde huurooreenkoms aangegaan het waarvolgens Overstrand 'n nuwe sel by Karwyderskraal op sy koste gaan bou en bestuur. Die tenderproses is reeds afgehandel en 'n kontrakteur is aangestel. Na verwagting behoort hierdie sel teen April 2015 ten volle operasioneel te wees en sal Kleinmond en Hermanus se vaste afval soos voorheen daar gestort word.

DIEN STYGENDE KOSTE 'n NEKSLAG TOE: SKAKEL OM NA VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEIT

Vir menige betaler van munisipale rekeninge is dit dikwels 'n skok om te sien hoeveel elektrisiteit 'n huishouding en/of onderneming inderwaarheid in 'n maand verbruik. Daar is egter 'n eenvoudige en relatief goedkoop manier om 'n einde te maak aan die ongekontroleerde gebruik van die "nutsding" elektrisiteit wat op die langduur groot besparings kan inhou.

Deur van 'n kredietmeter na voorafbetaalde elektrisiteit om te skakel, beteken eerstens dat jy bespaar op elke kilowatt-uur (of eenheid) gebruik. Maar van groter belang is dat jy beheer kan uitoefen oor presies hoeveel elektrisiteit in jou huishouding/onderneming verbruik word.

Die omskakeling kos R968 en die deposito daarop is R424. Hou ook in gedagte dat jou huidige deposito gebruik kan word om die omskakelingskoste te dek en dat 'n privaatelektrisiën nie nodig is nie indien 'n PLC-meter geïnstalleer word. Hierdie apparaat kan by die naaste muurprop gelaai word. As jy egter van die gebruiklike muureenheid gebruik wil maak, word 'n privaatelektrisiën se dienste verlang wat ekstra koste kan meebring.

Wêreldpianis se virtuositeit beloof om te verstom

Op Sondagmiddag 16 November bied Overstrand Arts/Kunste 'n konsert deur die Russiesgebore pianis **Andrei Pisarev** aan. Wenner van vele gesogte internasionale toekennings, waaronder die UNISA-Transnet internasionale klavierkompetisie, gaan hierdie virtuoos wat 'n professor aan die Moskou-konserwatorium is, Mozart se Fantasia Rondo, Beethoven se Sonate in C-mineur, Schumann se Noveletta en vier scherzo's sowel as die Nokturne in E-mineur deur Chopin speel. Die konsert begin om 15h30. **Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Enige ander navrae kan gerig word aan OAK se sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238.**

Andrei Pisarev